



Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION

# AFRIKAANS HOME LANGUAGE LESSON PLAN EXEMPLARS

GRADE 1  
TERM 4  
2009



Province of the

EASTERN CAPE

DEPARTMENT OF EDUCATION

CURRICULUM SECTION

### **NOTE TO SCHOOL MANAGEMENT TEAMS AND TEACHERS IN THE FOUNDATION PHASE**

The exemplar Literacy Lesson Plans for **Grade 1 teachers** had been developed by the Provincial and District Foundation Phase Curriculum Advisors and Foundation Phase teachers as well. This is intended to support teachers in the Planning, Teaching and Assessment process for Term 4.

The contents include the 3 Learning Programmes (Literacy, Life Skills and Numeracy) in an integrated, flexible and very user friendly manner. The lesson plans provide specific content and context which should guide the teacher in the planning process.

We trust that these support materials will provide the necessary clarity and guidance for teachers to manage the NCS implementation process successfully and confidently.

It is the responsibility of the School Management Team to monitor and support teachers in the use of these resources. The teachers are responsible for using these resources to manage the Planning, Teaching and Assessment process successfully in the classroom. These are **exemplars** that are aligned to National Policies and prescripts and teachers are encouraged to use and adapt these lessons to suit the needs and context of the learners and the school.

If schools need more clarity and guidance on the use of these Resource Materials the District and Provincial Offices can be contacted.

We trust that every school will now be better equipped to improve learner performance in the Foundation Phase.

Yours in Quality Education

-----  
Dr T Reddy

CES: ECD/Foundation Phase: Head Office: Zwelitsha

## INTRODUCTION

The Eastern Cape Department of Education, Curriculum Chief Directorate in collaboration with the District Curriculum Advisors developed this document to support teachers in planning for teaching, learning and assessment for effective implementation of the National Curriculum Statement (NCS) and the Foundations for Learning (FFL) in the Foundation Phase

The Home Languages, Afrikaans, English, IsiXhosa and SeSotho deal with the holistic development of the child, socially, emotionally, personally and physically. Language is of utmost importance in learners lives. It is the means of communication and conversation. No Learning Area (LA) can be taught without the use of language. So it is necessary for learners to master all aspects of language usage. This includes the ability to talk clearly, fluently and to express themselves without ambiguities; to listen with ease and understanding and to express clearly their thoughts **orally** and in **writing**. It also includes the ability to the **Listening, Speaking, Reading and Writing** in order to enrich their own lives and the lives of others.

This document serves to assist teachers to pace teaching, learning and assessment in Afrikaans, English, IsiXhosa and SeSotho Home Languages for Grades 1- 3, starting from Grade R in IsiXhosa and English First Additional Language (FAL) for Grade 3. A Work Schedule for term 3 has been developed. Integration of Assessment Standards has been done for the teachers. Planning accommodates Formal Assessment Tasks (FATs) and Learner Attainment Targets (LAT) as indicated in the Afrikaans, English, IsiXhosa and SeSotho Home Language LAT documents available in all the Foundation Phase schools. Lesson plan exemplars can be adapted and refined so that they meet the needs and the context of the learner. The resources that are indicated are a guide. Teachers are at liberty to use other relevant material. The contact time for Literacy Learning Programme is 1 hour 50 minutes **daily** for **Grade 1** (10mins for FAL), 1hr 50mins for **Grade 2** (20 mins for FAL) 2hours for **Grade 3** (30 mins for FAL). 5 hours 15 minutes **weekly** for the learners and 7 hours weekly for the teachers (1 hr 45 mins for preparations) according to FFL. All the aspects of Literacy have separate time on daily basis, for example **Drop All and Read** for 30 minutes. This time allocation for Literacy must be adhered to.



**GRAAD 1                      LESPLANNE                      VIERDE KWARTAAL**  
**TEMA : ONS LAND :VERSKILLENDE KULTURE                      TYDSDUUR : 3 WEKE**

<b>LU EN AS STANDAARDE</b>	<b>AKTIWITEITE</b>	<b>BRONNE</b>
<p>LU 1 LUISTER</p> <p>AS 1 Luister aandagtig na instruksies en reageer op gepaste manier.</p> <p>AS 2 Toon gepaste luistergedrag deur te luister sonder om te onderbreek, respek vir spreker te toon, beurte te neem om te praat en vrae te stel om duidelikheid te kry.</p> <p>AS 3 Luister met genot na kort stories, rympies, gedigte en liedjies uit verskeie culture en toon begrip:</p> <p>3.1 luister vir hoofidee en belangrike besonderhede in die storie</p> <p>3.2 voer dele uit 'n storie, liedjie of rympie op</p> <p>3.3 doen mee aan refreine</p> <p>3.4 teken 'n prent v/d storie en skryf 'n paar woorde daaroor</p>	<p>Leerders luister na gepaste stories en beantwoord oop vrae en voer dele van die stories op. Gebruik gepaste prente sodat leerders prente in die regte volgorde kan plaas.</p> <p>THOKO SE TROUE</p> <p>Thoko vertel vir haar vriendin Amaqhikiza dat sy baie lief is vir Vela. Amaqhikiza het vir Vela krale gegee en hom vertel dat Thoko vir hom lief is.</p> <p>Vela het aan sy familie die goeie vertel. Kule, Vela se pa, het lobola aan Thoko se familie geoffer.</p> <p>Na 'n rukkie was Busi gestuur om Kule na hul huis te nooi. Thoko se ouers het die lobola en die geskenke wat hulle wil hê, bespreek.</p> <p>Toe Vela die lobola na Thoko se huis neem, het die twee families 'n bok geslag en utshwala gedrink. Thoko se familie moet die bok slag omdat hulle die voorouers moet vra om haar op te pas in haar nuwe familie.</p> <p>Op Vrydag word daar 'n koei geslag. Saterdag trek hulle aan vir die troue en daar word gedans. 'n Getuie vra aan hulle of hulle mekaar liefhet. Maar Thoko se pa is nie gelukkig nie. Hy sê dat Vela se familie hom nog steeds drie koeie skuld vir die lobola.</p> <p>Thoko en Vela het daarna gedans en Thoko het die spies in die grond</p>	<p>Storie boeke</p> <p>Leeskaarte</p> <p>Klankkaarte</p> <p>Flitskaarte</p> <p>Naslaanboeke</p> <p>Woordeboeke</p> <p>Inligtingstukke</p> <p>Pamflette</p>

<p>3.5 plaas prente in regte volgorde en onderskrifte by prent</p> <p>3.5 beantwoord oop vrae oor die storie</p> <p>3.6 druk eie gevoelens oor die storie uit</p> <p>3.7 herhaal die volgorde van idees.</p> <p>AS 5 Luister na boodskappe en dra dit korrek oor.</p> <p>AS 6 Ontwikkel klankbewustheid :</p> <p>6.1 onderskei tussen verskillende klanke, veral aan die begin en einde van woorde</p> <p>6.2 herken sommige rymwoorde in algemene rympies en liedjies</p> <p>6.3 herken meervoude, “e” en “s” en “ge” aan die begin van werkwoorde in die verlede tyd</p> <p><b>LU 2 PRAAT</b></p> <p>AS 1 Gesels oor eie ervaringe, gevoelens en nuus</p> <p>AS 2 Dra idees oor deur interessante</p>	<p>gegooi en Vela het dit gaan optel.</p> <p>Sondag het Thoko aan Vela se familie geskenke oorhandig.</p> <p>Laat leerders ‘n prent teken van die storie en hul eie sinne daarby skryf. Let op hoofletters en punte.</p> <p>Knip die sinne uit en plaas in die regte volgorde:</p> <p>Thoko se familie het ‘n bok geslag om hul voorouers te vra om haar op te pas.</p> <p>Kule het lobola aan Thoko se familie betaal.</p> <p>Thoko het presente vir Vela se familie gegee.</p> <p>Die twee families het utshwala gedrink.</p> <p>Thoko en Vela het gedans.</p> <p>Vra leerders om meervoude te herken met “e” en “s” bv.</p> <p>Presente</p> <p>Koeie</p> <p>Ouers</p> <p>Families</p>	
---	--	--

<p>beskrywings en aksiewoorde te gebruik</p> <p>AS 3 Sing, resiteer, mimeer en voer liedjies, gedigte en rympies op</p> <p>AS 4 Gebruik taal verbeeldingryk vir pret en fantasie</p> <p>AS 5 Dra boodskappe oor</p> <p>AS 6 Vertel eie ervaringe in volgorde oor</p> <p>AS 7 Vertel 'n bekende storie wat 'n begin, middel en einde het, indien nodig mbv prente</p> <p>AS 8 Dra tot klas- en groepbesprekings by:</p> <p>8.1 neem beurte stel vrae en toon sensitiwiteit</p> <p>vir ander se regte en gevoelens</p> <p>8.2 doen na groepwerk namens die groep verslag</p> <p>8.3 reageer op vrae wat deur luisteraars</p>	<p>Leerders moet ook werkwoorde wat met “ge-“ begin herken bv.</p> <p>Geslag</p> <p>Gegee</p> <p>Gegooi</p> <p>Geoffer</p> <p>Gedans</p> <p>Gedrink</p> <p>Vra ook watter klanke hoor hulle eerste en laaste bv.</p> <p>Betaal</p> <p>Presente</p> <p>Familie</p> <p>Spies</p> <p>Optel ens.</p> <p>Vertel vir leerders 'n storie bv.</p>	
--	---	--

<p>gestel word</p> <p>AS 9 Gebruik taal gepas vir verskillende geleenthede en met verskillende mense</p> <p>9.1 voer 'n onderhoud met n volwasse besoeker aan die klas</p> <p>9.2 rolspeel relevante situasies, soos om nuwe maats te maak</p> <p>9.3 wissel stemtoon en -volume</p> <p><b>LU 3 LEES EN KYK</b></p> <p>AS 1 Gebruik visuele leidrade om betekenis te skep:</p> <p>1.1 voorspel nav 'n boekomslag waarom die storie handel</p> <p>1.2 gebruik illustrasies om betekenis van stories te intepreter en vertel 'n storie</p> <p>AS 2 Rolspeel lees</p> <p>2.1 hou die boek met die regte kant na bo</p>	<p><b>DIE GROOT DAG</b></p> <p>Groot skool toe. Dit is die dag waarvoor Pako so lank gewag het. Hy is nou klaar met die klein klassie in die gemeenskapsentrum, waar hy graad R gedoen het. Die skool begin eers more, maar vandag moet hulle name by die skool gaan inskryf, sodat juffrou kan sien wie kom almal in haar klas.</p> <p>Die juffrou groet vriendelik, maar Pako is senuweeagtig. "Tannie....Juffrou....Tannie...." tuimel die woorde sommer by sy mond uit. Die juffrou lag en sê vir hom " Jy kan my maar Juffrou noem, Pako. Dit is tradisie by ons skool."</p> <p>Die ander kinders kyk hom skeef aan. Pako dra 'n lang lap wat bo-op sy skouer geknoop is en hulle ken dit nie. Pako is van Swaziland en sy klere lyk nie vir hom snaaks nie. Baie mense dra nog tradisionele klere net soos hy.</p> <p>'n Vrou met 'n mooi rok aan is nou aan die beurt. Sy dra ook so 'n groot serp-ding wat op haar skouers geknoop is. Die rok is vreeslik mooi onder geborduur met goue draadjies. Pako wonder of die tannie na 'n partytjie toe gaan. Haar seuntjie het so 'n langerige baadjie-rok aan en 'n sagte langbroek daaronder. Te mooi. Hy is Anand Naidoo en Pako wonder of hulle sal maats word.</p> <p>Daar is ook 'n dogtertjie met blink, swart hare. Toe sy haar kop draai sien Pako dis Lili, sy Sjinese maatjie wat saam met hom in graad R was. Dankie tog! Darem iemand wat hy ken. Sy gaan seker ook partytjie toe,</p>	
---	--	--

<p>2.2 blaai die bladsye op die regte manier</p> <p>2.3 kyk na prente en woorde</p> <p>AS 4 Herken letters en woorde en skep betekenis uit geskrewe teks:</p> <p>4.3 gebruik klank en woorderkenningsvaardighede om nuwe of onbekende woorde in konteks te dekordeer</p> <p>AS 5 Ontwikkel klankbewustheid:</p> <p>5.1 herken en benoem klanke</p> <p>5.5 verdeel eenvoudige woorde enkel beginkonsonante en kort vokale in die eerste klank en die 2 de deel van die lettergreep</p> <p>5.7 herken sommige hoefrekwensiewoorde soos “die”, “n”, “met”, “ek”, “jou”, insluitend sy /haar eie naam in die omgewing</p> <p><b>LU 4 SKRYF</b></p> <p>AS 1 Skryf toenemend leesbaar</p> <p>1.1 hanteer skryfinstrumente doeltreffend</p>	<p>want sy het die mooiste katoenbloesie aan wat met borduurwerk vesier is.</p> <p>Die juffrou gee vir elkeen ‘n lysie van wat hulle moet aantrek skool toe. Ag, nee, dieselfde grys broeke en hemde wat die groot kinders dra. Hy is nie eintlik lus vir sulke klere nie en hy is seker die dogtertjie met die mooi bloesie gaan ook nie lus wees vir sulke ou eenderse klere nie. Maar Juffrou sê: “As ons fees vier, dra verskillende kulture verskillende klere.”</p> <p>Ag, nou ja, dink Palo, dan sal ek seker maar so moet aantrek. Ek is jammer oor my mooi serpe wat ek nou nie skool toe kan dra nie, maar ek is tog nog bly dat ek groot skool toe kom.</p> <p>Gee leerders geleentheid om oor hul eie ervaring t.o.v. verskillende kulture te praat. Bou ‘n bordskema op deur ‘n prent van elke kultuur in Suid-Afrika te wys. Bespreek die verskillende kleredrag en plaas woordkaarte by. Ter aansluiting by die stories, vertel die leerders meer oor die kultuur waaraan hulle behoort. Bespreek gesindhede en houding teenoor die verskillende bevolkingsgroepe, bv. respek, verdraagsaamheid, begrip, erkenning en gelykheid.</p> <p>Die leerders plaas hulle skryfborde reg voor hulle op die tafel. Hulle plaas hul hande op die bord volgens die opdragte wat gegee word. Bv. Sit jou hand in die middel regs, in die middle bo, regs bo, links onder ens. Die leerders voer soortgelyke opdragte skriftelik uit bv. maak ‘n * regs bo, teken ‘n driehoek links van die * ens. Maak gebruik van vorms, kleur, letters en syfers.</p>	
--	---	--



<p>1.2 oefen lettervorming en handskrifvaardighede, die trek van patrone, die natrek en naskryf van woorde</p> <p>1.3 vorm letters van die alfabet suksesvol AS 2 Doen pre-skrifaktiwiteite:</p> <p>2.2 reageer op 'n prent deur eenvoudige sinne te skryf</p> <p>2.3 bespreek onderwerpe en idees vir skryfwerk met klasmaats</p> <p>AS 3 Skryf vir verskillende doeleindes:</p> <p>3.2 skryf eenvoudige byskrifte en onderskrifte vir tekeninge</p> <p>AS 5 Skryf sodat ander kan verstaan:</p> <p>5.1 gebruik letters om enkele woorde en kort sinne te vorm.</p> <p>5.2 laat ruimtes tussen woorde</p> <p>5.3 gebruik links na regs en bo na onder oriëntering wanneer hy/sy skryf</p> <p>5.4 skryf eie sinne, waar nodig met die steun van 'n skryfraam (bv. Woorde op</p>	<p>Hersien aangeleerde skrifpatrone en letters. Skryf sinne met letters en laat ruimtes oop tussen woorde.</p> <p>Die leerders oefen al die klanke tot dusver aangeleer. Hulle trek lyne van links na regs op hul borde. Die onderwyser sê 'n klank – die leerders moet dit in die derde “pad” skryf. Beweeg tussen die leerders en verleen hulp aan die leerders met probleme. Die leerders skryf op hul eie 3 woorde wat met 'n sekere klank begin. (net klanke wat tot nou gedoen is)</p> <p>Die onderwyser flits klankkaarte op die mat. Sodra 'n leerder 5 klanke geïdentifiseer het, mag hy/sy gaan sit by sy/haar tafel.</p> <p>Flits die sigwoorde op die mat en leerders lees dit so vinnig as wat hulle kan. Die leerders wat hulle woorde ken mag gaan sit en vir hulle maats die woorde vra.</p> <p>Lees die leesles. Let op intonasie. Die onderwyser verduidelik vreemde begrippe soos bv sari. Toets of die leerders met begrip lees. Vra inhoudsvrae. Gee individuele leerders kans om te lees.</p> <p><b>Dirk is laf</b></p> <p>Mart dra 'n rok.</p> <p>Isna dra 'n sari.</p> <p>Dudu dra 'n skort van vel.</p> <p>Aron dra 'n mus.</p> <p>Dirk dra 'n rok en 'n sari en 'n skort van vel en 'n mus.</p>	
---	---	--

<p>swartbord)</p> <p>5.5 Begin om basiese punktuasie te gebruik (hoofletters en punte)</p> <p>AS 6 Begin woordeskat opbou en begin woorde spel sodat ander dit kan lees en verstaan</p> <p>6.1 skryf woorde wat bekende mense, plekke en dinge voorstel</p> <p>6.2 spel algemene woorde korrek</p> <p>6.3 probeer om onbekende woorde te spel deur kennis van klanke te gebruik</p> <p>6.4 bou eie woordbank op en stel persoonlike woordeboek saam</p> <p><b>LU 5 DINK EN REDENEER</b></p> <p>AS 1 Gebruik taal om konsepte te ontwikkel</p> <p>1.1 toon ontwikkelende kennis van begrippe van hoeveelheid, grootte, vorm, rigting, kleur, spoed, tyd,</p>	<p>Verbind die kind met sy klere:</p> <p>Isna                      mus</p> <p>Aron                      skort</p> <p>Mart                      sari</p> <p>Dudu                      rok</p> <p>Sigwoorde</p> <p>is, met, vra, sit, die, in, tot, van, sê, dan, kom, om, as, kan, en, wat, ons, kon</p> <p>Klankwoorde</p> <p>pyp, man, som, pyn, lap, lyf, min, fyn, pot, pit, wys, kyk, rys, laf</p> <p>Skryf nuwe woorde in persoonlike woordeboek.</p>	
---	--	--

<p>ouderdom, volgorde</p> <p>AS 2 Gebruik taal om te dink en redeneer:</p> <p>2.1 verstaan en gebruik taal vir logika en redenasie, soos oorsake en gevolge</p> <p>2.2 klassifiseer inligting</p> <p>AS 3 Gebruik taal om te ondersoek</p> <p>3.1 stel vrae en soek verduidelikings</p> <p>3.2 verskaf verduidelikings en oplossings</p> <p>3.4 bou en voltooi prent- en woordraaisels</p> <p>AS 4 Verwerk inligting:</p> <p>4.1 organiseer inligting in 'n eenvoudige grafiese vorm (soos 'n tydlyn)</p> <p><b>LU 6 TAALSTRUKTUUR EN – GEBRUIK</b></p> <p>AS 1 Bring klanke in verband met letters en woorde</p> <p>1.1 verdeel gesproke woorde in lettergrepe</p> <p>1.2 gebruik klanke om woorde te lees en</p>		
--	--	--

<p>te spel</p> <p>AS 2 Werk met woorde:</p> <p>2.1 weet waar geskrewe woord begin en eindig en laat spasies tussen woorde</p> <p>2.2 spel sommige bekende woorde korrek</p> <p>2.2 vorm en gebruik die meervoud, verkleinwoorde en geslagsvorme van bekende woorde</p> <p>AS 3 Werk met sinne:</p> <p>3.1 skryf eenvoudige sinne oor spesifieke onderwerp soos “Ansie het die resies gewen”</p> <p>3.2 gebruik skryfkonvensies: ‘n hoofletter in einame en aan die begin van ‘n sin en ‘n punt of vraagteken aan die einde van ‘n sin</p> <p>AS 5 Gebruik taal vir interaksie:</p> <p>5.1 gebruik taal om hoflikheidsvorme uit te druk</p> <p>5.2 verander stemtoon na gelang van doel</p>		
--	--	--

AS 6 Ontwikkel kritiese taalbewustheid: 6.1 herken bv. die verskil tussen taal in klaskamergebruik en taal op speelgrond		
---	--	--

**TERUGBLIK :** -----

-----

-----

-----

**GRAAD 1                      LESPLANNE**  
**TEMA : VERSKILLENDE GODSDIENSTE**

**VIERDE KWARTAAL**  
**TYDSDUUR : 2 WEKE**

<b>LU EN AS STANDAARDE</b>	<b>AKTIWITEITE</b>	<b>BRONNE</b>
<p><b>LU 1 LUISTER</b></p> <p>AS 1 Luister aandagtig na instruksies en reageer op gepaste manier.</p> <p>AS 2 Toon gepaste luistergedrag deur te luister sonder om te onderbreek, respek vir spreker te toon, beurte te neem om te praat en vrae te stel om duidelikheid te kry.</p> <p>AS 3 Luister met genot na kort stories, rympies, gedigte en liedjies uit verskeie kulture en toon begrip:</p> <p>3.1 luister vir hoofidee en belangrike besonderhede in die storie</p> <p>3.2 voer dele uit 'n storie, liedjie of rympie op</p> <p>3.3 doen mee aan refreine</p> <p>3.4 teken 'n prent v/d storie en skryf 'n paar woorde daaroor</p> <p>3.5 plaas prente in regte volgorde en</p>	<p>Vertel vir leerders 'n storie, gediggies, rympies of sing liedjies.</p> <p>Leerders luister na storie:</p> <p><b>SPEZIALE DAE</b></p> <p>My naam is Karel Kameraman</p> <p>Ek maak films net waar ek kan.</p> <p>Ling het vir die Chinese nuwejaar gewag.</p> <p>Dit is vir haar 'n spesiale dag.</p> <p>Kaboem! Dis 'n klapper wat so raas.</p> <p>Twiet-twiet-twiet! Dis 'n fluitjie wat so blaas.</p> <p>Doef-doeft-doeft! Dis 'n trom wat slaan!</p> <p>O my aarde. Hier kom 'n groot draak aan.</p>	

<p>onderskrifte by prent</p> <p>3.5 beantwoord oop vrae oor die storie</p> <p>3.6 druk eie gevoelens oor die storie uit</p> <p>3.7 herhaal die volgorde van idees</p> <p>AS 4 Luister na, geniet en reageer gepas op raaisels en grappies.</p> <p>AS 5 Luister na boodskappe en dra dit korrek oor.</p> <p>AS 6 Ontwikkel klankbewustheid :</p> <p>6.1 onderskei tussen verskillende klanke, veral aan die begin en einde van woorde</p> <p>6.2 herken sommige rymwoorde in algemene rympies en liedjies</p> <p>6.3 herken meervoude, “e” en “s” en “ge” aan die begin van werkwoorde in die verlede tyd</p>	<p>My naam is Karel Kameraman.</p> <p>Ek maak films net waar ek gaan.</p> <p>Hannah het vir Pesag gewag.</p> <p>Dit is vir haar ‘n spesiale dag.</p> <p>Vanaand eet almal simboliese kos,</p> <p>Want JHWH het ons van slawerny verlos.</p> <p>Ons vertel stories, bid saam en is bly.</p> <p>Ons deel ons kos sodat niemand honger ly.</p> <p>My naam is Karel Kameraman</p> <p>Ek maak films net waar ek gaan.</p> <p>Nee Vashni het vir Diwali gewag.</p> <p>Dit is vir haar ‘n spesiale dag.</p> <p>Kaboem! Dis ‘n klapper wat so raas.</p>	
--	---	--

<p><b>LU 2 PRAAT</b></p> <p>AS 1 Gesels oor eie ervaringe, gevoelens en nuus</p> <p>AS 2 Dra idees oor deur interessante beskrywings en aksiewoorde te gebruik</p> <p>AS 3 Sing, resiteer, mimeer en voer liedjies, gedigte en rympies op</p> <p>AS 4 Gebruik taal verbeeldingryk vir prêten en fantasie</p> <p>AS 5 Dra boodskappe oor</p> <p>AS 6 Vertel eie ervaringe in volgorde oor</p> <p>AS 7 Vertel 'n bekende storie wat 'n begin, middel en einde het, indien nodig mbv prente</p> <p>AS 8 Dra tot klas- en groepbesprekings by:</p> <p>8.1 neem beurtelike stel vrae en toon sensitiviteit vir ander se regte en gevoelens</p> <p>8.2 doen na groepwerk namens die groep</p>	<p>Sssssjoef! Dis 'n vuurpyl wat so blaas.</p> <p>Ons brand lampies om nooit die Goeie te vergeet, En deel soetgoed uit dat almal saam kan eet.</p> <p>My naam is Karel Kameraman. Ek maak films net waar ek gaan. Jabu het vir sy familie fees gewag. Dit is vir hom 'n spesiale dag.</p> <p>Boem-boem-boem! Dis 'n trom wat so raas. Twiet-twiet-twiet! Dis 'n fluitjie wat so blaas. Vir almal wat wile et slag ons 'n bees. Want saam met ons voorvaders vier ons fees.</p> <p>My naam is Karel Kameraman. Ek maak films net waar ek gaan. Sumaya het vir Eid-ul-Fitr gewag.</p>	
---	--	--



<p>verslag</p> <p>8.3 reageer op vrae wat deur luisteraars gestel word</p> <p>AS 9 Gebruik taal gepas vir verskillende geleenthede en met verskillende mense</p> <p>9.1 voer 'n onderhoud met n volwasse besoeker aan die klas</p> <p>9.2 rolspeel relevante situasies, soos om nuwe maats te maak</p> <p>9.3 wissel stemtoon en -volume</p> <p><b>LU 3 LEES EN KYK</b></p> <p>AS 1 Gebruik visuele leidrade om betekenis te skep:</p> <p>1.3 voorspel nav 'n boekomslag waaroor die storie handel</p> <p>1.4 gebruik illustrasies om betekenis van stories te intepreter en vertel 'n</p>	<p>Dit is vir haar 'n spesiale dag.</p> <p>Van vroegdag af mag ons niks eet nie.</p> <p>Sodat ons Allah nie kan vergeet.</p> <p>Die aand eet ons 'n groot feesmaal.</p> <p>En nooi almal uit om kos te kom haal.</p> <p>My naam is Karel Kameraman</p> <p>Ek maak films net waar ek gaan</p> <p>Ben het vir Kersfees gewag.</p> <p>Dis vir hom 'n spesiale dag.</p> <p>Wanneer ons Jesus se geboorte vier.</p> <p>Is die tafel en Kersboom mooi versier.</p> <p>Ons eet en gee geskenke vir mekaar.</p> <p>Die groot mense kuier en die kinders baljaar.</p>	
--	--	--

<p>storie</p> <p>AS 2 Rolspeel lees</p> <p>2.1 hou die boek met die regte kant na bo</p> <p>2.2 blaai die bladsye op die regte manier</p> <p>2.3 kyk na prente en woorde</p> <p>AS 4 Herken letters en woorde en skep betekenis uit geskrewe teks:</p> <p>4.3 gebruik klank en woorderkenningsvaardig= hede om nuwe of onbekende woorde in konteks te dekordeer</p> <p>AS 5 Ontwikkel klankbewustheid:</p> <p>5.1 herken en benoem klanke</p> <p>5.5 verdeel eenvoudige woorde en enkel Beginkonsonante en kort vokale in die eerste klank en die 2 de deel van die lettergreep</p> <p>5.7 herken sommige hoefrekwensiewoorde</p>	<p>Gebruik gepaste prente om storie te vertel. Laat leerders meedoen aan refreine bv. My naam is Karel Kameraman Ek maak films .....</p> <p>Laat leerders prente in regte volgorde plaas. Laat leerders hulle eie sinne byskryf. Lê klem op hoofletters aan die begin van sinne en punte aan die einde van sinne.</p> <p>Vra oop vrae aan die leerders bv. Wat dink jy .....</p> <p>Laat leerders hul gevoelens uitspreek oor die storie bv. Dit was 'n interessante storie om van ander godsdienste te hoor. Ens</p> <p>Gebruik woorde in die storie en vra watter klank hoor hulle eerste en watter klank laaste.</p> <p>Laat leerders rymwoorde identifiseer bv. gewag en dag Vier en versier ens.</p> <p>Hulle identifiseer ook dubbelklanke aa, oo ens</p>	
---	---	--

<p>SOOS</p> <p>“die” , “n” , “met” , “ek” , “jou” , insluitend sy /haar eie naam in die omgewing</p> <p><b>LU 4 SKRYF</b></p> <p>AS 1 Skryf toenemend leesbaar</p> <p>1.4 hanteer skryfinstrumente doeltreffend 1.5 oefen lettervorming en handskrifvaardighede, die trek van patrone, die natrek en naskryf van woorde</p> <p>1.6 vorm letters van die alfabet suksesvol AS 2 Doen pre-skryfaktiwiteite:</p> <p>2.2 reageer op ‘n prent deur eenvoudige sinne te skryf</p> <p>2.3 bespreek onderwerpe en idees vir skryfwerk met klasmaats</p> <p>AS 3 Skryf vir verskillende doeleindes:</p> <p>3.2 skryf eenvoudige byskrifte en onderskrifte vir tekeninge</p> <p>AS 5 Skryf sodat ander kan verstaan:</p> <p>5.1 gebruik letters om enkele woorde en kort</p>	<p>Laat leerders oor hul eie gelowe praat en ervaringe daarvan. Nooi ‘n predikant na die klas om leerders te kom toespreek en laat leerders toe om vrae te vra.</p> <p>Klasbesprekings word gehou deur inhoud van die boek. Bv. leerders identifiseer die verskillende feesdae wat in die storie voorkom. Bespreek waarom hierdie feeste belangrik is en die verskillende dae vir die feeste.</p> <p>Gebruik prente en vertel vir leerders ‘n storie bv.</p> <p><b>GELOWE</b> <b>Jode</b></p> <p>Hulle predikant is ‘n Rabbi en hulle Bybel word die Talmoed genoem. Die mans en vroue mag nie saam in die sinagoge sit nie, maar in verskillende vertrekke. Die mans dra ‘n klein hoedjie op hulle koppe wat hulle kippahs noem. Hulle sabbat begin as die son sak op ‘n Vrydag tot die son weer sak op ‘n Saterdag. Hulle simbool is die Ster van Dawid.</p>	
--	--	--

<p>sinne te vorm.</p> <p>5.2 laat ruimtes tussen woorde</p> <p>5.3 gebruik links na regs en bo na onder orientering wanneer hy/sy skryf</p> <p>5.4 skryf eie sinne, waar nodig met die steun van 'n skryfraam (bv. Woorde op swartbord)</p> <p>5.5 Begin om basiese punktiasie te gebruik (hoofletters en punte)</p> <p>AS 6 Begin woordeskat opbou en begin woorde spel sodat ander dit kan lees en verstaan</p> <p>6.1 skryf woorde wat bekende mense, plekke en dinge voorstel</p> <p>6.2 spel algemene woorde korrek</p> <p>6.3 probeer om onbekende woorde te spel deur kennis van klanke te gebruik</p> <p>6.4 bou eie woordbank op en stel persoonlike woordeboek saam</p>	<p><b>Moslems</b></p> <p>Hulle kerk word 'n moskee genoem en hulle predikant word die Imam genoem. Hulle Bybel is die Koran en dit kom van Allah en elke woord daarin is heilig. Hulle trek hulle skoene uit voordat hulle in die moskee kan ingaan. Die mans dra 'n fes en die vroue se koppe, arms en bene moet bedek wees en hulle dra loshangende klere. Hulle dag van aanbidding is Vrydag.</p> <p><b>Christene</b></p> <p>Hulle word uit 'n Bybel geleer deur 'n predikant. Hulle gaan Sondag kerk toe en op spesiale geloofsdae soos Kersfees, Goeie Vrydag ens. Hulle glo in die Nagmaal en die doop. Hulle simbool is 'n kruis.</p> <p><b>Hindoe</b></p> <p>Hulle kerkgebou is 'n tempel of Mandir. Hulle heilige boek is die Vedas. Hulle predikant is 'n priester wat hulle lei as hulle mediteer. In die temple mag hulle ook nie skoene dra nie. Hulle brand wierook as hulle mediteer. In die kerk sit hulle op die vloer en die vrouens moet hulle hare, arms en bene bedek. Mans en vrouens moet ook apart sit in die tempel. Hulle simbool is Om.</p>	
---	--	--

<p><b>LU 5 DINK EN REDENEER</b></p> <p>AS 1 Gebruik taal om konsepte te ontwikkel</p> <p>1.2 toon ontwikkelende kennis van begrippe van hoeveelheid, grootte, vorm, rigting, kleur, spoed, tyd, ouderdom, volgorde</p> <p>AS 2 Gebruik taal om te dink en redeneer:</p> <p>2.1 verstaan en gebruik taal vir logika en redenasie, soos oorsake en gevolge</p> <p>2.2 klassifiseer inligting</p> <p>AS 3 Gebruik taal om te ondersoek</p> <p>3.1 stel vrae en soek verduidelikings</p> <p>3.2 verskaf verduidelikings en oplossings</p> <p>3.4 bou en voltooi prent- en woordraaisels</p> <p>AS 4 Verwerk inligting:</p> <p>4.1 organiseer inligting in 'n eenvoudige grafiese vorm (soos 'n tydlyn)</p>	<p>Hou besprekings oor die gelowe en wys die prente van die verskillende simbole en laat leerders dit by die regte geloof pas.</p> <p>Leerders kan kerkdienste opvoer met die geskikte kleredrag.</p> <p>Wys vir leerders prente uit die prenteboks. Hulle skryf die letter waarmee elke prent begin. Sê 'n 3-letterwoord. Die leerders moet die letter aan die einde neerskryf. Elke leerder kry 'n bladsy uit 'n koerant of tydskrif. Flits 'n klank en gee 'n opdrag soos: Trek sirkels om 7 ee's, 6 oo's, 5 e's. Vra die leerders of hulle 5 woorde kan kry wat hulle kan lees. Die leerders skryf die woorde in hul eie woordeboeke. Die leerders kyk of die res van die klas ook hul woorde kan lees.</p> <p>Deel leerders in groepe. Elke groep kry 'n juffrou/meneer met 'n paar sigwoorde. Die leier flits die woorde vir die leerders en hulle moet dit lees. Die leerders ruil die woorde onder mekaar en lees die nuwe stel woorde. Lees gepaste leeslesse vir die leerders en verduidelik moeilike woorde en vra vrae om hul begrip te toets.</p> <p>Laat leerders klankwoorde in die les soek en in hul boeke skryf. Skryf 'n sinvolle sin en teken 'n prent waar moontlik. (laat spasies tussen woorde en wys leerders op links na regs skryf)</p>	
--	---	--

<p><b>LU 6 TAALSTRUKTUUR EN –GEBRUIK</b></p> <p>AS 1 Bring klanke in verband met letters en woorde</p> <p>1.3 verdeel gesproke woorde in lettergrepe 1.4 gebruik klanke om woorde te lees en te spel</p> <p>AS 2 Werk met woorde:</p> <p>2.1 weet waar geskrewe word begin en eindig en laat spasies tussen woorde</p> <p>2.2 spel sommige bekende woorde korrek</p> <p>2.2 vorm en gebruik die meervoud, verkleinwoorde en geslagsvorme van bekende woorde</p> <p>2.4 groepeer woorde, soos woorde wat rym</p> <p>AS 3 Werk met sinne:</p> <p>3.1 skryf eenvoudige sinne oor spesifieke onderwerp soos “Ansie het die resies gewen”</p> <p>3.2 gebruik skryfkonvensies: ‘n hoofletter in eiename en aan die begin van ‘n sin en ‘n punt of vraagteken aan die einde van ‘n sin</p>	<p>Laat leerders meervoude, verkleinwoorde en geslagsvorme neerskryf.</p>	
---	---	--

<p>AS 4 Werk met tekste:</p> <p>4.1 orden teks deur woorde soos: “dan”, “toe”, “daarna”, in ‘n vertelling te gebruik</p> <p>4.2 praat oor tekste (soos stories) deur woorde soos “begin”, “middel”, “einde” te gebruik</p> <p>AS 5 Gebruik taal vir interaksie:</p> <p>5.1 gebruik taal om hoflikheidsvorme uit te druk</p> <p>5.2 verander stemtoon na gelang van doel</p> <p>AS 6 Ontwikkel kritiese taalbewustheid:</p> <p>6.1 herken bv. die verskil tussen taal in klaskamergebruik en taal op speelgrond</p> <p>6.2 ondersoek waarom verskillende taalvorme in verskillende kontekste gebruik word</p>		
<p><b>TERUGBLIK :</b> -----</p> <p>-----</p> <p>-----</p>		

**GRAAD 1                      LESPLANNE                      VIERDE KWARTAAL**  
**TEMA : ONS LAND SUID-AFRIKA                      TYDSDUUR : 2 WEKE**

<b>LU EN AS STANDAARDE</b>	<b>AKTIWITEITE</b>	<b>BRONNE</b>
<p><b>LU 1 LUISTER</b></p> <p>AS 1 Luister aandagtig na instruksies en reageer op gepaste manier.</p> <p>AS 2 Toon gepaste luistergedrag deur te luister sonder om te onderbreek, respek vir spreker te toon, beurte te neem om te praat en vrae te stel om duidelikheid te kry.</p> <p>AS 3 Luister met genot na kort stories, rympies, gedigte en liedjies uit verskeie kulture en toon begrip:</p> <p>3.1 luister vir hoofidee en belangrike besonderhede in die storie</p> <p>3.2 voer dele uit 'n storie, liedjie of rympie op</p> <p>3.3 doen mee aan refreine</p> <p>3.4 teken 'n prent v/d storie en skryf 'n paar woorde daaroor</p>	<p><b>NASIONALE BEWUSTHEID</b></p> <p><b>Nasionale simbole</b></p> <p>Bespreking : Bespreek die feit dat kulture verskil net soos die kleure van die reënboog verskil. Kan leerders die verskille opnoem? Alhoewel ons verskil, het ons tog baie in gemeen – wat? Kan die leerders dit opnoem?</p> <p>Die leuse van ons land is “Eenheid in verskeidenheid”. Verduidelik wat dit beteken. Verduidelik die behoefte om saam te staan.</p> <p>Die leerders dink wat hulle skool van ander skole onderskei bv. wapen, skooldrag, leuse.</p> <p>Ken hulle die naam van die skool se prinsipaal? Die leerders sê wat ons land se naam is. Skryf die naam op die bord. Kan hulle sê wie is ons president.</p>	



<p>3.5 plaas prente in regte volgorde en onderskrifte by prent</p> <p>3.5 beantwoord oop vrae oor die storie</p> <p>3.6 druk eie gevoelens oor die storie uit</p> <p>3.7 herhaal die volgorde van idees</p> <p>AS 4 Luister na, geniet en reageer gepas op raaisels en grappies.</p> <p>AS 5 Luister na boodskappe en dra dit korrek oor.</p> <p>AS 6 Ontwikkel klankbewustheid :</p> <p>6.1 onderskei tussen verskillende klanke, veral aan die begin en einde van woorde</p> <p>6.2 herken sommige rymwoorde in algemene rympies en liedjies</p> <p>6.3 herken meervoude, “e” en “s” en “ge” aan die begin van werkwoorde in die verlede tyd</p> <p><b>LU 2 PRAAT</b></p> <p>AS 1 Gesels oor eie ervaringe,</p>	<p>Lees of vertel vir leerders ‘n storie bv.</p> <p><b>DIE VERSPOTTE SPRINGBOK</b></p> <p>Op die oop vlaktes loop Kraanvoël ewe statig op sy lang bene rond. Hy pik hier en daar ‘n insek of ‘n grassaad met sy lang snawel.</p> <p>Kraanvoël loop altyd statig en lyk belangrik, want sien, ‘n kraanvoël is een van ons land se nasionale simbole. En ou Kraanvoël weet hy is ‘n skaars voël en boonop pragtig so met blink vere en netjiese skraal lyf. Hy verbeel hom daarom dat hy ‘n minister is, eintlik minstens die belangrikste minister</p> <p>Het jy al ‘n kraanvoël se dans gesien? Hy draai in die rondte, swiep sy vlerke oor die grond, spring in die lug en laat die stof so staan. Omdat hy homself nie kan sien dans nie, weet hy nie dat hy maar soms erg verspot lyk nie. Daarom vererg hy homso vir die verspote springbokke wat ook op die oop grasvlakte saam met hom woon. Daar is altyd so ‘n groot klomp van hulle saam en al war hulle die hele dag doen, is om aan die gras te eet en eet en eet.</p> <p>Daarmee kan hy saamleef. Dan lyk hulle net so mooi netjies en rustig soos dit nasionale simbole betaam. Want sien, die springbok</p>	
---	---	--

<p>gevoelens en nuus</p> <p>AS 2 Dra idees oor deur interessante beskrywings en aksiewoorde te gebruik</p> <p>AS 3 Sing, resiteer, mimeer en voer liedjies, gedigte en rympies op</p> <p>AS 4 Gebruik taal verbeeldingryk vir prèt en fantasie</p> <p>AS 5 Dra boodskappe oor</p> <p>AS 6 Vertel eie ervarings in volgorde oor</p> <p>8.1 neem beurt stel vrae en toon sensitiwiteit vir ander se regte en gevoelens</p> <p>word</p> <p>AS 9 Gebruik taal gepas vir verskillende geleenthede en met verskillende mense</p> <p>9.3 wissel stemtoon en -volume</p> <p><b>LU 3 LEES EN KYK</b></p> <p>AS 2 Rolspeel lees</p>	<p>is ook een van Suid-Afrika se nasionale simbole. Belangrike bokke! Bokke wat hulle moet gedra.</p> <p>O, skande, skande! Dink Kraanvoël, as die springbok die dag besluit om iets anders as eet te doen! Kyk hoe spring die goed ewe met stywe bene so na aan mekaar, hoog die lug in. En hulle wit sterte lê soos vlae op hulle ruc. A nee! Moet ook nie dink dit is net die kinders wat so verspot is nie.</p> <p>Skande der skande! Die grootmense speel ook saam en hardloop agter mekaar aan. Wat die voorste een doen, doen die ander ook agter hom aan.</p> <p>Kraanvoël wil sommer sy kop in skaamte laat sak.</p> <p>Genugtig, die springbokke is tog nasionale simbole van Suid-Afrika! Hoe kan hulle hul so sleg gedra!</p> <p>Net soos die skool simbole het, het die land ook simbole. Sing die skoollied. Sing die Nasionale Volkslied en deel muntstukke uit. Wat is voorop en wat is agterop? Bespreek die wapen/ander nasionale simbole op die muntstukke. Simbole : blom – protea, dier –</p>	
---	--	--

<p>2.1 hou die boek met die regte kant na bo</p> <p>2.2 blaai die bladsye op die regte manier</p> <p>2.3 kyk na prente en woorde</p> <p>AS 4 Herken letters en woorde en skep betekenis uit geskrewe teks:</p> <p>4.3 gebruik klank en woorderkenningsvaardighede om nuwe of onbekende woorde in konteks te dekordeer</p> <p>AS 5 Ontwikkel klankbewustheid:</p> <p>5.1 herken en benoem klanke</p> <p>5.5 verdeel eenvoudige woorde enkel</p> <p>Beginkonsonante en kort vokale in die eerste klank en die 2 de deel van die lettergreep</p> <p>5.7 herken sommige hoefrekwensiewoorde soos “die”, “n”, “met”, “ek”, “jou”, insluitend sy /haar eie naam in die omgewing</p> <p><b>LU 4 SKRYF</b></p>	<p>springbok, voël – bloukraanvoël, vis – galjoen, boom – geelhout.</p> <p>Die vlag se kleure en patrone word bespreek</p> <p>Sigwoorde : jou, nou, sou, hou, gou, toe, doen, hoe, moet, goed, nie, hier, sien, wie, drie</p> <p>Klankwoorde</p> <p>Sout, vrou, dou, sous, goud, flou, boud, hout, stout, fout, blou, kous</p> <p>Lees die leesles bv.</p> <p>HOE OM DIE SKOOL TE KRY</p> <p>“Waar is die skool?</p> <p>Wie kan my tog help?</p> <p>Waar is die polisie</p> <p>Hulle sal my kan help.”</p> <p>“Kyk net gou in die lug!”</p>	
--	---	--

<p>AS 1 Skryf toenemend leesbaar</p> <p>1.7 hanteer skryfinstrumente doeltreffend 1.8 oefen lettervorming en handskrifvaardighede, die trek van patrone, die natrek en naskryf van woorde</p> <p>1.9 vorm letters van die alfabet suksesvol</p> <p>AS 2 Doen pre-skryfaktiwiteite:</p> <p>2.2 reageer op 'n prent deur eenvoudige sinne te skryf</p> <p>2.3 bespreek onderwerpe en idees vir skryfwerk met klasmaats</p> <p>AS 3 Skryf vir verskillende doeleindes:</p> <p>3.2 skryf eenvoudige byskrifte en onderskrifte vir tekeninge</p> <p>AS 5 Skryf sodat ander kan verstaan:</p> <p>5.1 gebruik letters om enkele woorde en kort sinne te vorm.</p> <p>5.2 laat ruimtes tussen woorde</p> <p>5.3 gebruik links na regs en bo na onder oriëntering wanneer hy/sy skryf</p> <p>5.4 skryf eie sinne, waar nodig met die</p>	<p>“Wat moet ek daar soek?</p> <p>Die skool dryf mos nie in die lug nie!</p> <p>Klou my juffrou of die polisie dan aan ‘n wolk?”</p> <p>“Nee, man! Soek die vlag!</p> <p>Daar hang ‘n vlag voor die skool.</p> <p>Die vlag hang ook voor die polisie se kantoor.”</p> <p>Gee leerders ‘n vlag om in te kleur.</p> <p>Vra begripvrae aan leerders om vas te stel of hulle storie verstaan.</p> <p>Vra wat is ons skool se leuse.</p> <p>Vra ook wat is die polisie se leuse. Indien leerders nie weet nie moet hulle gaan uitvind by die huis of iemand in die gemeenskap vra.</p> <p>Neem die leerders na buite. Gee opdragte soos: spring soos ‘n springbok. Spring 5 keer. Spring vorentoe/agtertoe/sywaarts. Spring na jou linkerkant/regterkant. Spring baie hoog/ hoër/hogste.</p> <p>Gebruik ander nasionale simbole soos geelhoutboom bv. rek so lank soos die boom, langer, langste boom ens.</p>	
---	---	--

<p>steun van 'n skryfraam (bv. Woorde op swartbord)</p> <p>5.5 Begin om basiese puntuasie te gebruik (hoofletters en punte)</p> <p>AS 6 Begin woordeskat opbou en begin woorde spel sodat ander dit kan lees en verstaan</p> <p>6.1 skryf woorde wat bekende mense, plekke en dinge voorstel</p> <p>6.2 spel algemene woorde korrek</p> <p>6.3 probeer om onbekende woorde te spel deur kennis van klanke te gebruik</p> <p>6.4 bou eie woordbank op en stel persoonlike woordeboek saam</p> <p><b>LU 5 DINK EN REDENEER</b></p> <p>AS 1 Gebruik taal om konsepte te ontwikkel</p> <p>1.3 toon ontwikkelende kennis van begrippe van hoeveelheid, grootte, vorm, rigting, kleur, spoed, tyd, ouderdom, volgorde</p>	<p>Laat leerders 'n mimiekspeletjie speel. Hulle moet maak of hulle 'n dier is en die ander leerders moet raai watter dier hulle voorstel. Hulle mag geen woorde gebruik nie, net gebare.</p> <p>Laat leerders die Volkslied transkribeer. Kombineer spoed met akkuraatheid en netheid.</p> <p>Gebruik prente van die nasionale simbole en laat leerders eenvoudige sinne skryf. Leerders kom lees hulle sinne vir die klas. Onthou : hoofletters en punte.</p>	
---	---	--

<p>AS 2 Gebruik taal om te dink en redeneer:</p> <p>2.1 verstaan en gebruik taal vir logika en redenasie, soos oorsake en gevolge</p> <p>2.2 klassifiseer inligting</p> <p>AS 3 Gebruik taal om te ondersoek</p> <p>3.1 stel vrae en soek verduidelikings</p> <p>3.2 verskaf verduidelikings en oplossings</p> <p><b>LU 6 TAALSTRUKTUUR EN –GEBRUIK</b></p> <p>AS 1 Bring klanke in verband met letters en woorde</p> <p>1.5 gebruik klanke om woorde te lees en te spel</p> <p>AS 2 Werk met woorde:</p> <p>2.1 weet waar geskrewe word begin en eindig en laat spasies tussen woorde</p> <p>2.2 spel sommige bekende woorde korrek</p> <p>2.3 verstaan en gebruik bekende trappe van vergelyking</p> <p>2.4 groepeer woorde, soos woorde wat rym</p>		
--	--	--

<p>AS 3 Werk met sinne:</p> <p>3.1 skryf eenvoudige sinne oor spesifieke onderwerp soos “Ansie het die resies gewen”</p> <p>3.2 gebruik skryfkonvensies: ‘n hoofletter in eiename en aan die begin van ‘n sin en ‘n punt of vraagteken aan die einde van ‘n sin</p> <p>4.2 praat oor tekste (soos stories) deur woorde soos “begin”, “middel”, “einde” te gebruik</p> <p>AS 5 Gebruik taal vir interaksie:</p> <p>5.1 gebruik taal om hoflikheidsvorme uit te druk</p> <p>5.2 verander stemtoon na gelang van doel</p> <p>AS 6 Ontwikkel kritiese taalbewustheid:</p> <p>6.1 herken bv. die verskil tussen taal in klaskamergebruik en taal op speelgrond</p> <p>6.2 ondersoek waarom verskillende taalvorme in verskillende kontekste gebruik word</p>		
---	--	--

TERUGBLIK : -----

-----

-----

### OPSOMMING VAN ASSESSERINGSTAKE VIERDE KWARTAAL

#### GELETTERDHEID : HUISTAAL

TAAK 1	TAAK 2	TAAK 3	TAAK 4
LU 1 AS 3.4 LU 4 AS 5.4 AS 5.5	LU 3 AS 4.3 AS 5.7	LU 2 AS 4 LU 4 AS 6.3	LU 1 AS 6 LU 5 AS 4.1 LU 6 AS 3.1



